SONDAG: 16

VRAAG EN ANTWOORD: 44

		Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Waarom volg daar: Hy het die lyding van die hel ondergaan - letterlik: en neergedaal het na die hel?				
Antwoord: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het.	1	Jesaja 53:5	Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.	Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.
Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking	2	Psalm 18:5-6	Bande van die dood het my omring, en strome van onheil het my oorval. Bande van die doderyk was rondom my; strikke van die dood het my teëgekom.	Bande van die dood het my omsluit, strome van onheil het my verskrik. Bande van die doderyk het my vasgetrek, strikke van die dood het my bedreig.
		Psalm 116:3	Bande van die dood het my omring, en angste van die doderyk het my getref; ek het benoudheid en kommer gevind.	Bande van die dood het my omsluit, doodsangs het my aangegryp, ek het benoud en bekommerd geword.
		Matteus 26:38	Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My.	en vir hulle gesê: "Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak saam met My."
		Matteus 27:46	en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?	Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: "Eli, Eli, lemá sabagtani?" Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?
		Hebreërs 5:7	Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs -	Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smekinge geoffer met harde geroep en met trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God.
wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het.				